

## HOOFSTUK 5

### SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

#### 5.1 SAMEVATTING

In hierdie ondersoek is 'n model van musikale koherensieverhoudings saamgestel, verklaar en getoets in J.S. Bach se *Schübler*-koraalvoorspele. In die genoemde model van musikale koherensieverhoudings is veral drie oorhoofse aspekte vervat, naamlik:

- musikale koherensieverhoudings en
- die beginsels van musikale tekstualiteit en
- musikale koherensieverhoudings se drie gesamentlike musikale funksies.

In 'n musikale koherensieverhouding word gefokus op die betekenis en effek van die musikale samehang op die luisteraar. Die aaneenskakeling van verskillende musikale koherensieverhoudings, soos wat die luisteraar verbande tussen die verskillende musikale koherensieverhoudings trek, resulteer in 'n musikale koherensieketting.

Die sewe beginsels van musikale tekstualiteit funksioneer en verenig saam met die drie gesamentlike musikale funksies in musikale koherensieverhoudings. Musikale gesprekvoering vorm die basis waarbinne musikale koherensieverhoudings as musikale kommunikasiemiddel<sup>231</sup> funksioneer.

---

<sup>231</sup> Idee ontleen aan Carstens (1997:496).

Musikale lokusie bestaan uit 'n musikale samestelling, soos afgebaken deur die komponis as musikale lokute op die bo-liggende vlak. Musikale lokute is gekoppel aan die gepaardgaande woordteks. 'n Musikale samestelling word gekenmerk deur twee musikale lokute in opeenvolging of opeengestapelde trapformaat. Musikale kohesie word weerspieël in die interafhanklikheid van die verbinde musikale lokute. Twee tipes musikale gesprekvoering is onderskeibaar, naamlik interaktiewe teenwoordsang en konstante tekswoordang. Interaktiewe teenwoordsang verwys na twee sangers wat gelyktydig twee verskillende woordtekste (van die oorspronklike kantatebeweging tot die *Schübler*-koraalvoorspel) uitvoer, soos byvoorbeeld in Bach, *Meine Seele erhebt den Herren* (BWV 10), se "Duetto e Corale". Konstante woordtekssang verteenwoordig die teenoorgestelde van interaktiewe teenwoordsang, naamlik een woordteks (van die oorspronklike kantate) wat deur slegs een sanger of groep unisone sangers uitgevoer word, soos byvoorbeeld in Bach, *Wachet auf, ruft uns die Stimme* (BWV 140) se "Chorale".

Saam met musikale lokusie funksioneer musikale illokusie ook terselfdertyd, maar beweeg nou dieper as die bo-liggende vlak (die formalistiese)<sup>232</sup>. Musikale illokute is aktief binne musikale illokusie. Musikale illokute is in uitleg verwant aan musikale lokute, maar fokus op die veronderstelde betekenis<sup>233</sup> in die gestelde verhouding van musikale illokute tot mekaar. Soos wat musikale lokute binne 'n musikale samestelling werk, handel musikale illokute binne 'n musikale samehang. Die verhouding tussen musikale illokute impliseer 'n soortgelykheid of ongelyksoortigheid daartussen, asook 'n hoë of lae graadverskil in toonkleurintensiteit. Die toonkleurintensiteit word aangedui

---

<sup>232</sup> Idee ontleen aan Agawu (1996:2-3), wat die ontleding van blote oppervlakstrukture kritiseer. Ook ontleen aan Carstens (1997:475).

<sup>233</sup> Idee ontleen aan Austin (1962:100-108) se onderskeid van "illocutionary act" en Carstens (1997:376-377) se aanduiding dat "lokusie" iets in taal "bedoel". Krüger (2000:94) se stelling dat die "(waarskynlike) bedoeling van die teksproduseerder" belangrik tydens interpretasie is, asook die volgende uitspraak deur Pander Maat (1994:275) het aanleiding tot die idee gegee: "Het coherentiebegrif verdraagt zich beter met de opvatting dat de samenhang tussen de uitingen in een tekst in hoge mate het produkt is van inferenties van een lezer/analyticus." Idee is ook ontleen aan Cook (2001a:242) se pleidooi dat die uitwerking van musiek op die luisteraar genoegsaam beskou behoort te word.

deur die musikale toonkleurbepaler. Hoe hoër die graadverskil in toonkleur-intensiteit is, hoe hoër is die musikale betekenisvlak en *vice versa*. Musikale koherensie (met ander woorde, die luisteraar se interpretasie van musikale illokute se verhouding tot mekaar, sodat dit betekenisvol en effektief is) spruit uit die luisteraar se interpretasie<sup>234</sup> voort. Dit beteken dat die luisteraar se vertolking beïnvloed word deur sy begrip van:

- die balanserende musikale illokute se gelyksoortigheid en ongelyksoortigheid (musikale informatiwiteit),
- Bach se waarskynlike bedoeling met die bepaalde verhouding waarin musikale illokute tot mekaar staan, soos byvoorbeeld bewustheid van die Christelike fees waarvoor die kantate aanvanklik gekomponeer is (musikale intensionaliteit),
- verskillende aspekte wat die musikale samehang betekenisvol maak, byvoorbeeld die assosiasie daarvan met die oorspronklike kantate-beweging en woordteks (musikale kontekstualiteit) asook
- die musikale samehang se verwysende musiek- en/of woordtekste, byvoorbeeld die oorspronklike koraal tot die koraalvoorspel (musikale intertekstualiteit).

Saam met musikale lokusie en musikale illokusie funksioneer musikale vermengde perlokusie deur assosiasie en musikale vermengde perlokusie deur vermengde assosiasie. Musikale vermengde perlokusie deur assosiasie fokus op die effek van die versmelte musikale samehange van die musiektteks en geassosieerde woordteks op die luisteraar - tydens die belewing daarvan. Vermengde assosiasie is die gevolg wanneer die musiek- en woordteks van die oorspronklike kantate-beweging tot die *Schübler*-koraalvoorspel, met dié se oorspronklike woord- en/of musiektteks (die koraal se musiek- en woordteks) geassosieer word. Musikale aanvaarbaarheid, inbegrepe in die luisteraar se benadering tot en belewing van die musikale samehange, speel 'n kardinale rol in die funksionering van die mede-beginsels van musikale

---

<sup>234</sup> Die luisteraar se interpretasie figureer binne al drie gesamentlike musikale funksies (sien 3.4.2).

tekstualiteit binne die drie gesamentlike musikale funksies van musikale koherensieverhoudings.

Musikale koherensieverhoudings, met die drie gesamentlike musikale funksies daarvan, sowel as die meegaande beginsels van musikale tekstualiteit, figureer derhalwe sterk in J.S. Bach se *Schübler*-koraalvoorspele.

## 5.2 GEVOLGTREKKING

Musikale kommunikasie is totaal van musikale koherensie afhanklik, omdat musikale koherensie dié beginsel van musikale interpretasie is<sup>235</sup>. Musikale koherensie speel gevolglik 'n deurslaggewende rol in die luisteraar se interpretasie van die komposisie. Musikale koherensieverhoudings funksioneer binne musikale koherensie en werp meer lig op musikale betekenis.

## 5.3 AANBEVELINGS

In hierdie loodsstudie is slegs die basis gestel vir musikale koherensieverhoudings binne die musikale tekslinguistiek. Soos Carstens (1997:498) ook in sy epiloog stel, was aandaggewing aan ál die verskillende moontlike musikaal tekslinguistiese aangeleenthede ook nie hier uitvoerbaar nie, veral vanweë die breë reikwydte van die tekslinguistiek as veld (soos wat Carstens 1997:28 ook aandui) en die ruimtebeperkings wat gestel is vir hierdie studie. Verdere navorsingsmoontlikhede sou byvoorbeeld die volgende kon insluit:

---

<sup>235</sup> Idee ontleen aan Carstens (1997:496).



- a) hoe die huidige beginsels van musikale tekstualiteit saam met die drie gesamentlike musikale funksies nog vérder uitgebrei en uitgebou kan word;
- b) hoe en in watter mate musikale koherensieverhoudings ook in ánder Barokkomposisies en genres voorkom;
- c) in watter opsig musikale koherensieverhoudings selfs in komposisies van ander styltydperke bruikbaar is en
- d) watter verdere insigte die musikale tekslinguistiek vir die hedendaagse musiekwetenskaplike kan bied.